# H O O F S T U K V.

## DIE ONDERWYSTOESTANDE OP POTCHEFSTROOM, 1852 -1858.

### 1. DIE KOMS VAN MEESTER H. VAN DER LINDEN.

Die eintlike geskiedenis van die onderwys op Potchefstroom soos ook op Rustenburg en Lydenburg, begin in die jaar 1852 toe Potchefstroom sy eerste nie-rondtrekkende onderwyser en sy eerste skool gekry het.[1)]

Pogings van prominente persone, onder wie veral Prof. Ulrich Lauts, om predikante en skoolmeesters te stuur na die Boere-Emigrante, het die eerste vrugte afgewerp toe drie onderwysers, Hendrik Van der Linden, Jan Willem Spruyt en Willem Poen, op 29 Julie 1851 in Delagoabaai aan wal gestap het.[2)] 'n Kommissie van ses, onder wie die heer Bührman, het die meesters op Delagoabaai ontmoet en vergesel na Lydenburg.[3)] Op 27 November 1851, het H. van der Linden en J.W. Spruyt, hulle by die Kommissieraad van Lydenburg aangemeld en hulle aanbevelings as onderwysers van die Amsterdamse Kommissie aan die Raad voorgelê. Hierdie Raad was egter verplig „ om voorlopig dezen zaak uit te stellen, en eerst te ondersoeken of men begerig is buiten dit district om vast schoolonderwys onder zich te verkrygen, onder bestuur der W.E. Volksraad.[4)]

Van der Linden en Spruyt is verwys na die Volksraad wat op 12 Januarie 1852 op Rustenburg sou vergader.[5)]

Vanaf/.....

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 36.
   Coetzee, t.a.p., 128.
2. Vgl. Hoofstuk III.
3. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, bylae XXXV.
4. Notule Commissieraad, Lydenburg, 27November 1851, art. 6.
5. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XXXIV.

Vanaf Lydenburg is meester van der Linden saam met J.P. Mare, swaer van Lührman, na Suikerboschrand waar hy voorlopig by die familie Strydom sou loseer.

„De eersten Zondag na myne aankomst werd ik verzocht door den heer P.F. Strydom - diaken - om Godsdienst te houden; ik deed zulks en had het genoegen om in het huis van den Heer Strydom 85 personen te zien. Ik had reeds 4 dagen van te voren bemerkt, dat er personen tegen e.k. Zondag werden uitgenoodigd en daarom maakte ik zelf twee predikatiën, zoo goed als in myn vermogen was, omdat ik begreep men zoude onderzoeken welk een geloof ik had."[1]

Op 7 Januarie 1852 het van der Linden en P.F. Strydom met wie se dogter hy later in die huwelik getree het, na Rustenburg vertrek. Onderweg het hulle egter verneem dat die Volksraadsitting op Potchefstroom, en nie op Rustenburg nie, sou plaasvind, waarop hulle koers verander het na Potchefstroom. „Dogh alweder eene teleurstelling, er had eene krygsraad zitting plaats, soodat ik met myne papieren weder niet kon voortkomen."[2]

Van der Linden was verplig om terug te keer na Suikerboschrand „waar ik toen myne bezigheden begon, met myne jeugdige vriendjies, die ik daar veel had te onderwyzen."[3]

Hoe groot hierdie eerste skooltjie van Van der Linden was, en hoe hy vir sy arbeid besoldig is,

kon nie/...

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XXXIV.
2. Ibid.
3. Ibid.

kon nie vasgestel word nie. Dit het in elk geval slegs geduur tot 9 Maart toe van der Linden weer vertrek het na Rustenburg, waar die Volksraad op 16 Maart sou vergader om o.a. ook die besluit van die Sandrivier-konvensie te bevestig.

In 'n brief aan Prof. Ulrich Lauts het van der Linden dit later betreur dat hy nie op hierdie stadium na sy „ dierbaar Vaderland" teruggekeer het nie. Hy skryf: „ Deze zitting zal nimmer uit myn geheugen gaan, want dit was de plaats waar ik de Emigrante leerden kennen."[1)]

Intussen was meester Spruyt wat nog tuis was by die heer Bührman op Lydenburg, siek en op Rustenburg het van der Linden 'n brief van Bührman ontvang waarin hy versoek is om ook Spruyt se aanbeveling as onderwyser voor die Volksraad te lê.

Op die tweede dag van die Volksraadsitting, d.i. op 17 Maart, is die „ Memorie van H. van der Linden aan de Hoog Wel Edele Heeren van de Volksraad," behandel. Hierdie memorie werp ook lig op hoe van der Linden in Nederland daartoe gekom het om as onderwyser na S.A. te kom. Hy skryf:[2)]

„ In de maand Junie van het jaar 1850, stond er in een van de Hollandsche Couranten eene oproeping voor onderwyzers naar de Zuid-Oost Kust van Afrika; de groote behoefte, welke er bestaat aan onderwyzers, deed my het besluit nemen op die aanvrage te schryven; drie weken na dat schryven ontving ik tot myne groote blydschap een brief van den Hoogleraar Lauts, waarin ik tot onderwyzer in Afrika werd aangesteld.

In de/.........

1. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, Bylae XXXIV.
2. V.R. 201/52.

In de maand Januarie van 1851 vertrok ik van Holland, en kwam onder Gods zegen den 29sten Julie 1851 aan de De la Goabaai aan.

Myn vurigste begeerte is, om aan het hoofd eener school geplaast te worden, beschouwende dit van het grootste belang voor de Afrikaansche jeugd; omdat er dan meer kinderen tegelyk kunnen leeren en onderwezen worden, als dat men van plaats tot plaats gaat onderwyzen.

Gaarne zoude ik, H. Wel Edele Heeren op eene vaste voet werkzaam willen zyn, indien U H. Wel Edele Heeren tot eene benoeming overging, my eene vaste aanstelling als onderwyzer te geven, waardoor U H. Wel Ed. zoowel als ik, dan meer zekerheid hebt.

Wanneer U H. Wel Edele Heeren tot zoo iets overgaat, dan bied ik U H. Wel Ed. het volgende nederig ter uwe be-oordeeling aan."

Hierna volg dan sy onderwysreglement.

Die Volksraad het besluit om van der Linden te benoem tot onderwyser op Potchefstroom en Spruyt tot onderwyser op Rustenburg, „ en de heeren ouderlingen en diakenen verzocht om voor de regeling van dit onderwerp sorg te dragen." 1)

a. Die Van der Linden-reglement.

Saam met sy aanbeveling het van der Linden ook by die Volksraad 'n onderwysreglement, wat seker onder invloed van Prof. Ulrich Lauts opgestel is, ingedien. Die reglement, bekend as die van der Linden-reglement, is in sy geheel deur die Volksraad aanvaar. Hierdie reglement, aangeneem in die jare/......

1. Notule Volksraadsitting, Rustenburg, 17 Maart 1852, art. 24.

jare toe die staatsake in die Oorvaalse gebied nog baie onstabiel was, vorm die eerste direkte onderwyswetgewing in Transvaal en word hier volledig weergegee:[1)]

Schoolreglement in 13 artikels waaraan het Gemeente-Bestuur en de te benoemen onderwyzers zich te houden hebben.

Art. 1. De onderwyzer worde van de Gemeente van een school en woonhuis voorzien.

Art. 2. De noodzakelyke meubelen welke in eene school vereischt worden, als: tafels, banken, borden enz. zal de onderwyzer op aanvrage verkrygen.

Art 3. De schoolbenodigheden worden, of door de Gemeente voorzien, waartoe by hen dezelve zullen voorhanden zyn en de onderwyzer op aanvrage (daarover) zal mogen beschikken, of hy voorziet zich tegen vergoeding van dezelve.

Art. 4. De Gemeente verzekere den onderwyzer van zyn bestaan, of hy ontvangt van den ouders maandelyks schoolgeld, (om nader te bepalen).

Art. 5. Het opzigt van den school zy aan het Gemeente-Bestuur opgedragen; het onderwys zal zich bepalen tot lezen, schryven, rekenen en andere vakken van onderwys, zynde de onderwyzer verpligt aan alles een godsdienstig strekken te geven.

Art. 6. Aan den onderwyzer worde op een redelyke wyze vryheid gegeven, op wat wyze hy wil onderwyzen, zoo het maar niet strydt tegen deugd en goede zeden.

Art. 7. Die onderwyzer verpligt zich getrou te zyn in de hem aangeboden betrekking; de uren van onderwys

zullen/...

---

1. Lugtenburg, t.a.p., Aanhangsel I.

zullen nader bepaald worden.

Art. 8. Het zy den onderwyzer vergund vyf dagen tot onderwys te besteden en den zesden naar willekeur te nemen, of in twee halve dagen te verdeelen.

Art. 9. Voor die rein - en zindelikheid zorge de onderwyzer in den school.

Art. 10. De onderwyzer geve acht dat zyn kweekelingen net en zindelyk voor hem verschyne en hy dus met de ouders medewerkte tot hunne gezondheid.

Art. 11. Het staat den onderwyzer vry tot uitspanning der jeugd, alsmede tot geheele zuivering zyner school, eenige nader te bepalen dagen des jaars vacantie te houden.

Art. 12. Na het eindigen van eene vacantietyd, maar slechts een, hoogstens twee maal per jaar, zullen nieuwe leerlingen aangenomen worden, om de orde niet te verbreken; echter niet beneden de vyf jaren.

Art. 13. De ouders zullen hun kinderen niet van de school kunnen nemen alvorens de onderwyzer geraadpleegd te hebben, die, by gebreke van dit, zich ontslagen rekent van het bedoelde oogmerk bereikt te hebben, en welke verlating, slechts zal mogen geschieden by de aankomst van nieuwe kweekelingen.

b. Opmerkings.

Die aanname van hierdie eerste Onderwyswetgewing, 12 jaar nadat die Emigrante in die Transvaal aangekom het, was 'n merkwaardige gebeurtenis. Die reglement self was 'n verdienstelike eerste poging. Dit sou ook die basis vorm vir verdere onderwyswetgewing in die Oorvaalse Republiek.

Sedert die Trekkers die Kolonie verlaat het, en selfs voorheen op die Oosgrens, was die Boere gewoond aan die onderwys as 'n private onderneming.

'n Skool/.....

'n Skool was die gevolg van partikuliere inisiatief. Vir die onderwys van hul kinders het die ouers self die volle verantwoordelikheid gedra en die onderwys self gegee as dit nie anders kon nie.

Met hierdie reglement is die gebied van direkte onderwyswetgewing betree.[1] Die onderwysers is regstreeks deur die Regering aangestel, die reglement waardeur die onderwysers gelei sou word, is deur die Regering goedgekeur.

Terselfdertyd gee die toepassing van hierdie reglement ons egter 'n idee van die onklaar toestande van regeringsake in Transvaal. Die aanstelling is deur die Regering gedoen, daarna is alle verdere verantwoordelikheid aan die Kerkraad oorgedra.

Ons kan veilig aanneem dat die Hollandse opsteller of opstellers van hierdie reglement met „ Gemeente-bestuur" nie die kerkraad bedoel het nie, maar wel die plaaslike bestuur. Die term „ Gemeentebestuur " word selfs vandag nog in Nederland gebruik om daarmee 'n plaaslike bestuur soos 'n dorpsraad aan te dui.

2. Die eerste Skool op Potchefstroom.

Vanaf Rustenburg is van der Linden na Potchefstroom waar dadelik reëlings getref is om sy goed wat nog in Lydenburg was, te gaan haal. Op 1 April het hy met 'n ossewa en drywer vertrek en op 12 April daar aangekom. Op Lydenburg het van der Linden egter agtergebly, aangesien die skoolbanke nog gemaak moes word.

Met hierdie besoek van die Potchefstroomse onderwyser/.....

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 43.

onderwyser aan Lydenburg het hy en Bührman 'n troue vriendskap gesluit, 'n vennootskap wat hom later deeglik sou laat geld.[1]

Op 1 Julie was meester van der Linden terug op Potchefstroom. „ thans dacht ik met de school te kunnen beginnen, maar neen, banken nog tafels waren gereed, dit duurde nog tot den 18 den, en den 19 den begon ik myne bezigheden, waarnaar ik reeds zoolang verlangd had, en hoopte, dat de onaangenaamheden een einde zouden nemen."[2]

Aanvanklik het die skool vinnig gebloei en het die getal leerlinge tot 35 gestyg van wie van der Linden die skoolgeld getrek het, wat vir elke kind 20 skellings (3/9) per maand bedra het. „ Ik had evenwel liever gezien," skryf van der Linden, „ men my een vast tractement had gegeven; maar de kas was daartoe te arm, zoo dat ik tevreden was. Dan ik zag spoedig dat het spreekwoord ,nieuwe bezems vegen schoon,'maar al te waar is. Na verloop van drie maanden gingen er reeds eenige kinderen van de school af, omdat, zoo men zeide, ze nu volleerd waren want de geleerdheid bestaat hier alleen daarin: een weinig gebrekkig lezen, al het andere is niet noodig."[3] En hy voeg verder daarby: „ De domheid der Emigranten is onbegrypelyk, en de noodzakelykheid van't onderwys by hen in te krygen, is byna onmogelyk."[4]

Die gevolg hiervan was dat van der Linden se inkomste begin krimp het, maar dit werp ook 'n duidelike lig op die eise wat aan die skoolonderwys gestel/.....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, bylae XXXIV.
2. Engelbrecht,t.a.p., uitgawe 1920,bylae XXXIV.
3. Ibid.
4. Ibid.

gestel is.

Die idee dat 'n skoolopleiding van drie maande voldoende was, moes vry algemeen gewees het in daardie moeilike jare. Dit was die gevolg van die gevestigde praktyk om 'n rondtrekkende onderwyser vir slegs drie maande in diens te neem.[1)]

Verder vervolg van der Linden in sy brief aan Prof. Ulrich Lauts: „Ik had het geluk - ten minste voor dit land - van 10 kinderen geregeld eene jaar school te hebben, want nadat ik een halfjaar had school gehouden, begonnen de mazelen uit te breken, zoodat de kinderen hard afnamen al myne kinderen werden ziek en slechts 10 kwamen na hunne ziekte terug, de andere bleven weg. Hoe gering myne inkomsten nu ook waren, zoo bleef ik door werken en had het genoegen dat gen. 10 kinderen goed vooruit gingen; by hun schoolkomen konden ze gelukkig spellen en thans zyn ze alle aan het lezen en gebruiken de geschiedenis van Jesus; in't rekenen zyn ze gevorderd tot aan de regel van Drieën met gewone breuken, in de taalkunde hebben ze mede eenige vorderingen gemaakt, zoo ook in Bybelsche geschiedenis, enz."[2)]

Interessant in hierdie verband is dat die eerste tien leerlinge wat volhard het in meester van der Linden se skool, kon spel toe hulle in die skool gekom het. Dit spreek van die algemene praktyk van die dae - die ouers het reeds 'n aanvang gemaak met die onderrig.

Danksy/.....

1. Vgl. Hoofstuk II.
2. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XXXIV.

3. Die Koms van Ds. Dirk van der Hoff

Danksy die onvermoeide ywer van Prof. Ulrich Lauts, die Voortrekkervriend in Holland, het Ds. Dirk van der Hoff op 27 Mei 1853 op Potchefstroom aangekom.[1]

Die oorgang van die geordende Nederlandse samelewing na die woeste wilde Transvaal van daardie dae was groter as wat Ds. van der Hoff hom ooit voorgestel het. Die land was nagenoeg 'n wildernis met 'n handjievol blankes versprei oor onmeetlike vlaktes. Sy teleurstelling was groot en sy oordeel kras. Twee maande na sy aankoms skryf Ds. van der Hoff as volg aan Prof. Lauts:

„Wat zal ik u zeggen van den staatkundigen en godsdienstigen toestand der emigranten. Ik zal beginnen met u te zeggen dat ik in myne verwachten, die ik van hen gekoesterd had, bitter ben teleurgesteld. De onkunde onder het opkomende geslacht, dat is te zeggen tot den ouderdom van 40 jaar toe, is verregaande; natuurlik met enkele uitzonderingen. De oudere van dagen die in de Kolonie nog Godsd. opvoeding genoten hebben, zyn nog eenigzinds ervaren; dat is te zeggen: het grootste gedeelte zweert by à Brakel en Hellenbroek. Het gros egter is verwilderd, naar ziel en ligchaam, want ge moet u ook niet voorstellen, dat het allen zulke frissche, forsch gespierde menschen zyn, och neen! Het grootste gedeelte is ook maar middelmatig, ja van sommigen is het aan te zien, dat ze zoowel naar siel als naar ligchaam van der jeugd af aan schrikkelyk verwaarloosd zyn. Schryven en rekenen kunnen slechts weinigen, ja er zyn zelfs landdrosten/....

---

1. Engelbrecht. Die Ned.Herv. Gemeente Potchefstroom. (1842-1942),43.

drosten en heemraden, die hun naam niet eens kunnen teekenen. Wat het lezen aangaat, O! daar heeft men Jobs geduld voor noodig om het aan te hooren. Zy kunnen, ja, meest allen lezen, maar zoo, dat ze er byna geen jota van begrypen. Verbeeld u nu myne positie als ik met dertigtal, alle volwassenen menschen tot in de 40 jaren toe, bezig ben Catheschisatie te houden. Lezen kunnen ze niet, d.i. begrypen niet wat ze op een stotterende toon, om de 5 minuten een woord, voortbrengen, het geheugen orgaan is voor 7/8 toegesloten, het oordeel is verstompt, ja ik moet soms twyfelen of sy wel denken kunnen, tenminste in godsd. begrippen, wat hun wereldsche zaken aangaat, zegt men my, gaat dat echter beter."[1]

Ds. van der Hoff het in die begin die toestande nie goed begryp nie en het bv. met een van die eerste aannemings sowat negentig katkisante afgewys. Later toe hy „ wyzer" geword het, soos hy dit uitgedruk het, het hyself hieroor gelag.[2]

Dit is dus maklik te verstane dat Ds. v.d. Hoff terstond na sy aankoms hom die toestand van die skool en die posisie van die onderwyser aangetrek het. Met die eerste sitting van die Kerkraad onder voorsitterskap van Ds. v.d. Hoff, het van der Linden sy slegte posisie blootgelê en gedreig om weg te gaan as daar geen verbetering kom nie.[3] Op versoek van die leraar het hy toe self 'n voorstel, wat ook aangeneem is, voorgelê om sy traktement te verseker.

Die ouers/.......

---

1. Engelbrecht: Gesk. v.d. Ned.Herv.Kerk in Z.A., uitgawe 1920, bylae XXXI.
2. Engelbrecht: Die Gesk. van die Ned.Herv.Gemeente van Potchefstroom,1842-1942, 78.
3. Lugtenburg,t.a.p., 47.

Die ouers is gevra om te teken vir 'n vaste bedrag: as iemand vir £2 geteken het, kon hy een kind op skool hou, vir £3 twee kinders, vir £4 drie kinders en vir £5 soveel as wat hy het. Die Kerkraad het op dieselfde vergadering 'n salaris van £100 per jaar aan meester van der Linden gewaarborg. Indien die ouers dus minder as £100 sou betaal, sou die Kerkraad sorg vir die resterende gedeelte.

Hieroor skryf van der Linden as volg aan Prof. Lauts:[1]

„Zoo heb ik dan nu verkregen, waaraan ik zooveel moeite gedaan heb, maar met medewerking van den Wel. Eerw. D. v.d. Hoff is het zooverre gekomen, en hun de noodzakelykheid van't onderwys onder 't oog gebracht.

Alhoewel ik my zeer zuinig heb moeten behelpten, zoo hield ik moed, en hoopte dat God uitkomst zoude geven en daar ik aan de raad door U Hgel. was opdragen, en zy my hier geplaatst hadden, zoo wilde ik het besluit van de Ed. raad zoolang eerbiedigen als ik kon. Veel aanzoek heb ik altyd gehad om op een plaats te komen; maar daarin had ik geen zin, want dan zoude het onderwys altyd maar aan eenige kinderen geweest."[2]

Daar was dus nog steeds groot aanvraag vir „huisonderwyzers op de buitenplaatsen."

Die gevolg van hierdie nuwe salarisreëling was spoedig „dat een 50 tal kinderen geregeld alhier de school bezoekt (waarvan een drietal gratis,) welk getal ongetwyfeld zal verdubbeld worden zoodra er een/.........

1. Engelbrecht: Gesk. v.d.Ned.Herv.Kerk in S.A., uitgawe 1920, bylae XXXIV.
2. Engelbrecht, t.a.p., bylae XXXIV.

een geschikter en ruimer schoollokaal is aangekocht, waartoe men aan het onderhandelen is."[1]

Hierby het Ds. van der Hoff en die Kerkraad dit nie gelaat nie. In 'n skerp brief het hy die Volksraad daarop gewys dat dit niks help om 'n besluit te neem en dan nie na die noodwendige verpligtings daarvan om te sien nie. Die finansiële deel van die onderwys moes net so goed op hulle rekening kom.[2]

Ds. v.d. Hoff was ten volle geregtig om op te tree en dit was ook die enigste manier om die onderwys in die benarde landsomstandighede te bevorder, want die staat het die onderwys heeltemal verwaarloos en staatsbemoeiing en staatskontrole was feitlik net dooie letters van die wet gewees. Ons kan dus goed verstaan waarom Ds. v.d. Hoff die hand aan die ploeg geslaan het.[3]

Weldra het van der Hoff aan sy Kerkraad aanvullende onderwyswetgewing voorgestel. Dit is aan die Volksraad voorgelê en aangeneem as die Van der Hoff-Reglement.

(a) Die Van der Hoff-Reglement.[4]

Art. 1. Niemand zal zich hier te lande als onderwyzer der jeugd mogen vestigen, dan die daartoe behoorlyk geregtigd is, en van deze zyne bevoegdheid heeft doen blyken by den Eerw. Kerkeraad, ter plaatse waar de leeraar gevestigd is.

Art. 2/..........

---

1. Engelbrecht, t.a.p., bylae XXXV.
2. Lugtenburg, t.a.p., 47.
3. Wypkema: Die Aandeel van Ds. D.v.d. Hoff in die Transvaalse Staatsontwikkeling in die Almanak v.d. Ned. Herv. Kerk v. Afrika, 1942, 91.
4. Lugtenburg, t.a.p., 47.

Art. 2. Dat er voorlopig in elk dorp niet meer dan een onderwyzer zyn mag, daartoe door het Gouvernement aangesteld, in ooreenstemming met den Kerkeraad.

Art. 3. Dat indien op een der dorpen, men een kinderschool wil oprigten, dit geoorloofd zyn zal onder de volgende voorwaarden:

1. Geene andere kinderen in zulk een school op te nemen dan die beneden de vyf jaren zyn;
11. De School te stellen onder opzigt der Kerkeraad;
111. Zich niet te vestigen dan met toestemming van den Kerkeraad.

Art. 4. Dat als iemand als huisonderwyzer op de buitenplaatsen wenscht werkzaam te zyn, hy zich zal moeten vervoegen by den Kerkeraad, waar de predikant is, en zich aan een behoorlyk onderzoek zal moeten onderwerpen; die hem daarvoor een behoorlyk bewys geven zal.

b. Opmerkings.

Hierdie reglement was 'n groot verbetering op, en aanvulling van die Van der Linden-Reglement.

Die Volksraad het die onderwys op die Kerkraad afgeskuif en nou sou laasgenoemde sorg dat hulle nie soseer vir die finansiële deel nie, maar wel vir die kontrole daarvan, aanspreeklik is.

Die wetsartikels het blykbaar ook ten doel gehad om erkende „goewermentskoolmeesters" te beskerm teen alle private „geskoolmeester."[1)]

Samevattend/........

1. Lugtenburg, t.a.p., 48.

Samevattend het die regulasies daarop neergekom dat die kontrole van al die onderwys en onderwysers uitsluitend by die Kerkraad, waar die predikant is, sou berus. Die salaris - so is in 'n begeleidende brief beduie - sou die goewerment in die toekoms moes betaal.[1)]

Die predikant sou onder hierdie reëlings alle aspirant onderwysers eksamineer en goed - of afkeur. Die moontlikheid dat die Goewerment weer op sy eie houtjie onderwysers sou aanstel, sou hierdeur opgehef word.

Ds. van der Hoff het dus nou alle mag in hande gehad. Hierbenewens is hy in Nov. 1853 aangestel as „Binnen-en Buitelandsche Correspondent voor kerk- en schoolzaken" en as „schoolopziener."[2)]

c. Die van der Hoff-Smellenkamp moeilikhede en die Onderwys.

Ongelukkig vir die gesonde ontwikkeling van die onderwys, het daar reeds in 1854 kleinlike twiste ontstaan waarin die predikant (schoolopziener) en ook die onderwysers van Potchefstroom en Rustenburg betrokke was. Hierdie bitterheid is veroorsaak deur die „optrede van indiwiduele Hollanders, wat die origens vry onbeduidende partyskappe gesterk het."[3)]

Van der Hoff het hom geskaar by die sg. Potchefstroom-Rustenburg groep, terwyl sy landgenoot, Smellenkamp, hom by die Lydenburgers

geskaar/.......

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 48.
2. Coetzee, t.a.p., 132.
   Lugtenburg, t.a.p., 48.
3. Preller: Andries Pretorius, 387.

geskaar het. Die gevolg was dat Smellenkamp en van der Hoff „ soos kwajongens teen mekaar staan en uitpak voor 'n verwonderde Boeregehoor."[1]

In Januarie 1854 het Ds. van der Hoff met 'n rondreis deur die land begin en Smellenkamp in Lydenburg ontmoet. Laasgenoemde het daarop aangedring dat gelyktydig met die volksraadsitting op Rustenburg in Junie, 'n Algemene Kerkvergadering gehou moes word waarop hy volmag wou vra „ om nog een paar leeraars en eenige schoolonderwyzers herwaarts te beroepen."[2]

Van der Hoff het dit voorbarig gevind „ omrede dat myne zaken, en die der onderwyzers (Spruyt, Van der Linden en Poen) nog alles behalve, wat de geldelyke zaken betref, in orde waren."[3]

'n Hewige twis het ontstaan waarin van der Hoff „ zeer driftig werd en Smellenkamp eveneens in drift, zyn hoed greep en de deur uitvloog."[4] Hierna het die Kerkraad van Lydenburg besluit dat daar nie 'n Algemene Kerkvergadering sal gehou word nie. Lydenburg was egter die vesting van Smellenkamp. Hy het die Volksraadslede van Lydenburg oorreed om as Kommissieraad byeen te kom en hierdie Kommissieraad het besluit dat daar wel 'n Algemene Kerkvergadering gehou moes word. 'n Tweede kerkraadsvergadering is gehou en Ds. van der Hoff het toegestem tot so 'n vergadering.[5] „ Smellenkamp had zyn wil doorgezet, maar de twist tussen hem en

van der Hoff/.....

---

1. Preller: Andries Pretorius, 387.
2. Engelbrecht, t.a.p., bylae XLIII.
3. Engelbrecht, t.a.p., bylae XLIII.
4. Ibid.
5. Wichmann, t.a.p., 157.

van der Hoff had tot grote verbittering gevoerd."[1]

Intussen het Smellenkamp vertel dat van der Hoff nie georden is nie, dat hy slegs 'n toneelspeler is, dat sy traktement te groot is en dat van der Hoff die mense mislei het deur toe te laat dat die Kerk in Transvaal onafhanklik van die Kaapse Sinode sou bestaan.[2]

Die Algemene Kerkvergadering het op Maandag, 5 Junie 1854, op Rustenburg begin. Smellenkamp is gevra om hom te verantwoord oor die gerugte aangaande Ds. van der Hoff. Hy het egter geweier om Ds. van der Hoff as voorsitter te erken, waarop van der Hoff 'n poging aangewend het om vir Smellenkamp onder sensuur te sit. Van der Hoff het nou die saak by die Volksraad aanhangig gemaak en die Volksraad het die saak weer na die hof van die Landdroste en Heemrade verwys. Die predikant self het egter geweier om ook voor hierdie hof te verskyn en het weer die Volksraad versoek om Smellenkamp te vonnis. Dit het nie geslaag nie en die Algemene Kerkvergadering het die hulp van die Krygsraad ingeroep en Smellenkamp is met 500 riksdalers beboet.[3]

Die Lydenburgers het Rustenburg verlaat om weldra ook op kerklike gebied hulle eie gang te gaan.[4]

Hierdie Smellenkamp - van der Hoff - twiste het noodlottige gevolge gehad vir die mate van georganiseerde/.....

1. Engelbrecht, t.a.p., deel I, 1920 uitgawe, 77.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Vgl. Hoofstuk VI.

georganiseerde onderwys in die Republiek en in besonder vir die skool op Potchefstroom.

Saam met Bührmann en Spruyt, die onderwyser van Rustenburg, het van der Linden ook kant gekies teen Ds. van der Hoff. Hy het geweier om Ds. van der Hoff as predikant te erken en i.p.v. kerk toe te gaan, in sy eie huis godsdiens gehou.[1)]

Die kerkraad het dit hom ten kwade geduі en hom aangeskryf om voor hulle te verskyn. Hieraan het hy nie voldoen nie en hy is deur die kerkraad „gelast" om te verskyn, maar ook hierop het hy geen ag geslaan nie, met die gevolg dat hom meegedeel is dat „de kerkeraad zich geheel en al het opzigt onttrok van den school."[2)]

Die kerkraad het in opdrag van die regering die skoolsake gereël. Was daar dus redes om die opdrag nie uit te voer nie, moes dit seker aan die Volksraad meegedeel geword het, maar persoonlike misnoeë en kleinlike twiste het blykbaar nou hoogty gevier.

Meester van der Linden het besef dat hy alleen deur die grasie van Ds. van der Hoff sy bestaan gemaak het en het die laaste brief van die kerkraad beskou as sy ontslag.

„Nu schreef ik naderhand een brief om de geld dat ik nog moest hebben, en wat dunkt u was het antwoord? Ik kryg myn eigen brief in 8 stukken gescheurd weer terug. Is dat eene handelswyze van een leeraar, die de gemeente moet voorgaan/......

1. V.R. 415/54.
2. Ibid.

voorgaan in liefde en vrede? - Wat moest ik toen doen? Op myn eigen eene school weder oprichten? Dat kon niet, want v.d. Hoff zoude my zeker tegenwerken, wat hy maar konde. En daar myne omstandighede bekrompen waren, moest ik uitzien naar iets beter en begaf my naar myn schoonvader. Had de Edele Volksraad een vast president gehad, dan zoude ik my zeker tot Z. Wel Ed. gewend hebben, maar wat moest ik nu doen?.........

Welnu, Wel Ed. Achtb. Heeren, u allen weet, dat ik door de Ed. Volksraad ben geplaatst geworden, en aan de Kerkeraad werd het opzigt der school toevertrouwd, zoo als blykt uit raadsbesluit Maart 1852; en uit raadsbesluit Nov. 1853, art. 99 blykt, dat de Kerkeraad het tractement van £100 zoude betalen tot 1 Sept. 1854. Nu vraag ik, u wel Ed. Achtb., had de heer v.d. Hoff het regt om my te bedanken zonder voorkennis van de Ed. Volksraad? Had v.d. Hoff het regt om my onschuldig, zonder dat ik ooit myn pligt als onderwyzer had verzuimd, zoomaar te bedanken, enkel alleen omdat ik niet op een lastbrief wilde verschynen?

Had hy my geplaatst of de Ed. Volksraad? Ik vraag u is v.d. Hoff niet verpligt om myn geld dat my wettig toekomt, te betalen tot 1 Sept. toe, synde ik den 18 den July bedankt geworden en moest nog vroeger gelden hebben.....

Bedenkt wel, Edele Heeren, dat de Wel Ed. Volksraad my geplaatst heeft, en dat v.d. Hoff ook de besluiten van de Ed. Volksraad moet eerbiedigen, zoowel als elk burger. Wat is het gevolg van de handelswyze van den leeraar, dat de kinderen die vroeger te school gingen, 85 in getal en wier ver-

mogens/.....

mogens zich goed begonnen te ontwikkelen, ontstoken blyven van onderwys. Want dit verzeker ik u, dat geen Hollands onderwyzer zich aan v.d. Hoff zal onderwerpen, wanneer hy het hoofd van alles blyft. Hoe ik vroeger heb moeten sukkelen om aan myn brood te komen, zal ik liever zwygen; maar dit hoop ik nu, dat de Ed. raad my regt zal verschaffen en v.d. Hoff doen noodzaken om my uit te betalen.....

Duid het my niet ten kwade, Edele Heeren, als ik u een raad aan de hand zal geven, indien er weder uit Holland onderwyzers mogen komen, sorg dan vooral dat de onderwyzers onder de raad staan en niet onder de kerkeraad. Het onderwys komt de staat toe, en niet de kerk........

Ik zal dit land verlaten waar ik zoo veel doornen geplukt heb, ik vertrek naar Omwoti waar het gouvernement my heeft aangesteld als hoofonderwyzer."

So het meester van der Linden dan die spore gevolg van sy kollega, Spruyt, van Rustenburg, wat as gevolg van dergelike omstandighede, reeds die Republick verlaat het.[1]

Die Volksraad het nie die saak van van der Linden behandel nie, maar dit uitgestel tot 'n volgende sitting, sodat 'n afvaardiging van die Kerkraad ook kon verskyn.[2]

4. <u>Die Tweede Skool op Potchefstroom (Meester Scheurkogel.)</u>

Nadat meester van der Linden Potchefstroom verlaat het, het Ds. van der Hoff as „ Binnen-en Buitelandsche/....

1. Vgl. Hoofstuk VII.
2. Notule Volksraadsvergadering, Rustenburg, 1 Junie 1855, par. 99.

Buitenlandsche Correspondent voor Kerk- en Schoolzaken" en ook as „schoolopziener," dadelik pogings in die werk gestel om die skole op Potchefstroom en Rustenburg weer aan die gang te kry.

Reeds in Augustus 1854 het hy „Aan de Amsterdamsche Commissie een uitvoerig brief geschreven in (sy) qualiteit als correspondent voor Kerk en schoolzaken." Hierin het hy o.a. geskryf:

„Ik ben gemagtigd tot het beroepen van een predikant en eenige onderwyzers: ik heb den beroepsbrief met een twaalftal aanstellingen voor onderwyzers aan de Commissie opgezonden. Huisonderwyzers kunnen er van de Kaap af tot hier toe wel een paar honderd @ 20 K.Rsd. per maand geplaast worden."[1)]

Vir die s.g. huisonderwysers moes daar dus nog steeds 'n groot aanvraag gewees het. Vanaf 1855 het dinge 'n baie chaotiese aansien gekry in die Republiek. Die verdeeldheid het steeds toegeneem. Lydenburg het op kerklike gebied druk met die Kaapse Sinode onderhandel. Weldra sou die Republiek van Lydenburg gestig word, die nuwe grondwet sou geen samesnoering of bestendigheid bewerkstellig nie.[2)]

Teen die einde van 1855 het Ds. van der Hoff die skool op Potchefstroom vir 'n rukkie aan die gang gehad, maar dit het nie lank geduur nie, weens gebrek aan 'n geskikte onderwyser.[3)]

Begin 1857 het alles stilgestaan.

Dit skyn/.......

---

1. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, bylae XXXVII.
2. Vgl. Hoofstuk IX.
3. Coetzee, t.a.p., 33.
   Lugtenburg, t.a.p., 53.

Dit skyn asof van der Hoff en sy kerkraad, na al die ondervindinge, moeg was vir die onderwyssake[1] want dit was nou die regering self wat begin moeite doen het om 'n onderwyser te kry. Dit het egter moeilik gegaan want tot 1855 het die regering nog wel aanbiedinge gekry van onderwysers wat na Transvaal wou kom, maar daarna was daar steeds 'n tekort, selfs vir die dorpskole.[2]

Toe Pres. Pretorius eindelik daarin geslaag het om iemand te vind, was toestande al treurig soos blyk uit die volgende ongetekende brief:[3]

Goevernementskantoren.

Potchefstroom, den 18e

Juni 1857.

Aan de Eerwaarde Kerkeraad van Potchefstroom.

Eerwaarde Heeren,

Door de jeugd hier ongeleerd opgroye, het Z.H.Ed.den President het eindelik gelukt een bekwaam onderwyzer te vonden, namentlyk den W.Ed. Heer A.F.Schubart, hetwelk aan Uwe Ewde. onderzoek verder gelaten zyn.

Nu is de wens van Z.H.Ed. den President dat de Kerkraad, by het vonden van zyne bekwaamheid, de kerk wilde leenen om in school te houden totdat wy in staat zyn een schoolgebouw te kennen opregten.

De Kerkeraad gelieve hierop te willen antwoorden, en ook hun gevoelen hiermede kennelyk te maken terwyl de jeugd hier verslons worde en de ongeleerdheid van dag tot dag toeneme.

Namens de president,

heb ik/....

1. Coetzee, t.a.p., 33.
   Lugtenburg, t.a.p., 53.
2. Ibid.
3. Ibid.

heb ik de eer my te noemen,

U ewde. dw. dienaar,

(ongeteken).

Hierdie brief toon o.a. dat beide die van der Linden- en van der Hoff-Reglemente deur die Volksraad toegepas is. Die onderwyser is gesoek deur die regering wat ook die skoolgebou moes verskaf en die salarisse moes uitbetaal. Die Kerkraad sou slegs toesig hou en die onderwyser goedkeur. Die onderwys het nou volledig staatsonderwys geword.

A.F. Schubart was 'n bekwame Hollander, kandidaat in die natuurkunde en wysbegeerte aan die Universiteit van Utrecht, maar het ongelukkig nie onderwyser geword nie, maar klerk van ,, den President en Staatsraden tegen £75 per jaar."[1])

Gelukkig het die regering toe van 'n ander persoon gehoor wat hier onderwys wou gee en het op 29 Junie 'n ander brief aan die Kerkraad geskryf, waarin die Kerkraad versoek is om A. Scheurkogel goed te keur as onderwyser.

Op 6 Julie het die Kerkraad as volg hierop geantwoord;

,, In minzaam antwoord op uwe geëerde missive van 29 Junie 1857, ons verzoekende de papieren na te zien van den door Ued. ontboden, en hier aangekomen onderwyzer, den heer A. Scheurkogel, is dienende dat wy Z.Ed.'s papieren nagezien en in orde bevonden hebben, zoodat zy Z.Ed. erkend hebben als onderwyser, alhier. Bereids heeft onzen leeraar alhier hedenmorgen de School plegtig

in de/.........

1. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, bylae XLVII.

in de Kerk geopend en uitgesien naar een geschikt schoollokaal, hetwelk Z. Eerw. verkregen heeft van den heer Grimbeek - voorts heeft Z. Eerw. ook voorlopig een woonhuis gehuurd voor den onderwyzer, voor een pond st. in de maand, in de hoop dat het Gouvernement voor de betaling ervan zal zorgen."[1]

So het Potchefstroom op 6 Julie 1857 sy tweede skool en skoolmeester gekry. Dit het egter nie langer as drie maande geduur nie, want meester Scheurkogel het, nogal op uitdruklike bevel van die President, vrylik gebruik gemaak van die lat om kennis en gehoorsaamheid by die halhorige en ongetemde jeug in te dryf.[2]

As gevolg van 'n pak slae, toegedien aan die dogtertjie van die Staatsprokureur, J.H. Visagie, is hy deur die kerkraad uit sy betrekking ontslaan.

Sy appèl na die Uitvoerende Raad op 13 Nov. 1857 het niks gehelp nie, maar dit werp tog interessante lig op die opvatting oor die onderwys en tugsake van die dae. Meester Scheurkogel het vernietiging van die vonnis gevra op grond daarvan dat hy geslaan het op die uitdruklike bevel van die President. Hy het beweer, en dit deur getuie gestaaf, dat Pres. Pretorius hom beveel het om deur middel van slaan die „onderwys in te dringen. De President het suppliant zelven bedreigd slagen toe te dienen indien de schooltucht niet met slaan gehandhaafd werd."[3]

Dit lyk of die oortreding van meester Scheurkogel/.......

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 54.
2. Ibid.
   Coetzee, t.a.p., 134.
3. Lugtenburg, t.a.p., 54.

Scheurkogel nie 'n sporadiese geval was nie, want Landdros Grimbeek vertel ook die volgende:[1]

,, De grootste gedeelte van de kinders zyn reeds uit de school genomen door hunne ouders om die reden (mishandeling) ...... en daar gaf Scheurkogel weinig om want hy krygt syn tractement of er een ofte geen kind in school is."

So het die eerste ware staatskool op Potchefstroom weereens doodgeloop en die steeds toenemende getal kinders was weer vry op straat.

Dit het blykbaar voortgeduur tot 28 Maart 1859 toe meester van der Linden, met wie dit in Natal nie goed gegaan het nie, weer terug was op Potchefstroom.[2]

---

1. R. 1784/57
2. St.Crt.der Z.A.R., Vol. II, 1 April 1859.